Klipkerk *Lectio Divina*

In die week …
Jy word genooi om die *journey* rondom die week se Skrifgedeelte voort te sit. Die volgende praktyk mag jou hierin help:

Preparation
Vind vir jou ’n stil plek – en sny jou af van stimulasie (selfoon, televisie, radio, geraas).
Doen wat jy nodig het om teenwoordig te wees.
Baie mense vind dit voordelig om te konsentreer op hulle liggaam – om bewus te word van die stoel waarop jy sit, of om te konsentreer op jou asemhaling.
Sit in ’n posisie wat jy gemaklik kan volhou vir ‘n hele tydjie.

Passage
Lees die Skrifgedeelte vir die eerste keer deur – stadig en aandagtig.

One of the religion scholars came up. Hearing the lively exchanges of question and answer and seeing how sharp Jesus was in his answers, he put in his question: "Which is most important of all the commandments?"
Jesus said, "The first in importance is, 'Listen, Israel: The Lord your God is one; so love the Lord God with all your passion and prayer and intelligence and energy.' And here is the second: 'Love others as well as you love yourself.' There is no other commandment that ranks with these."
The religion scholar said, "A wonderful answer, Teacher! So lucid and accurate—that God is one and there is no other. And loving him with all passion and intelligence and energy, and loving others as well as you love yourself. Why, that's better than all offerings and sacrifices put together!"
When Jesus realized how insightful he was, he said, "You're almost there, right on the border of God's kingdom."
After that, no one else dared ask a question.
Mark 12:28-34 (The Message)

Lees die Skrifgedeelte vir ’n tweede keer deur.
Watter woord, konsep of beeld staan vir jou uit en tref jou hart?

Ponder
Reflekteer op dit wat na jou toe gekom het uit die Skrifgedeelte.
Hoe word my lewe hierdeur geraak?
Hoe sal dit lyk, voel en wees as ek dit leef?
Wat het ek nodig om dit te doen?

Prayer
Reageer met ’n persoonlike en spontane gebed.

Peace
Word vir ‘n vasgestelde tyd (begin met 10 minute) stil.
Bring jou gedagtes, hart en gemoed tot stilte – waar jy net saam God kan wees – bewus van sy liefdevolle teenwoordigheid.

Om innerlik stil te raak, kan een van die volgende maniere jou help:
* herhaal ’n kort gebed (bv. die Jesus-gebed: “Jesus Christus, Seun van God, wees my, sondaar, genadig” of “Maranatha – kom, Here Jesus”)
* keer eenvoudig terug deur ‘n gebedswoord (bv. Jesus, liefde, Vader, Immanuel) wat jou intensie bevestig om by God te rus sodra jy daarvan bewus word dat jou gedagtes dwaal.

Prayer
Kom stadig uit die stilte met ’n gebed.
Die Onse Vader gebed (Mattheus 6:9-13) word deur baie gebruik om af te sluit.

Weeklikse tye vir *Lectio Divina* in Klipkerk:
Maandae tot Donderdae 12h00
Sondae 18h00

t: 011 268 4700 / f: 011 268 4800
jacquesb@mosaiek.com / www.mosaiek.com
posbus 1658, fairland, 2030 / daniellestraat (af van Davidson / 14de laan), fairlands
© Opgestel deur: Jacques Bornman